# Van die redakteurs

# Vandag weet ek nie of ek soos 'n dominee voel nie ...

Pieter Fourie

Johann Symington

'Of dit waar is weet ek nie, maar dit voel vandag vir my of mense vrae aan my stel wat ek nie kan beantwoord nie. Trouens, vandag ontglip selfs die basiese antwoorde my en voel ek ál meer soos 'n leeggedrukte suurlemoen.

"Alles loop sommer van vroegdag al verkeerd met 'n telefoon wat knaend lui – en dit terwyl ek nie dink ek het die energie om Job te wees vir die res van die week nie.

"Gelukkig is my vrou nog by my en my kinders gesond. Maar vir hoe lank weet ek nie. Agter my vriendelike predikantglimlag lê 'n vreeslike weemoed, 'n swartgalligheid, 'n woede, en dis die kant wat my familie van my sien.

"Om mense te bedien, die gemeentefinansies te bestuur, lidmate gelukkig te hou, goeie uitgewerkte preke te maak, en mense te help om sin te maak uit dit wat rondom hulle gebeur, raak vir my net ál hoe moeiliker. Dan moet ek nog êrens vandag genoeg geld hê vir brandstof, geduldig leer wag in 'n verkeersknoop op pad hospitaal toe terwyl ek 'n duisend ander dinge het om te doen, én my kloppende hoofpyn onderdruk. Daar is nie vandag tyd om siek te word nie! Die skool se jaarvergadering moet geopen word, en ek het my verbind tot 'n selgroep later vanaand. Terselfdertyd soek ek refleksietyd. 'n Jong kind in ons gemeente wil selfmoord pleeg. Hy het gelukkig met my kom gesels, maar hoe vorentoe, weet ek nie. Ek moet dink en bid.

"Daar lê ook 'n klomp artikels wat ek wil lees op my rekenaar. Ek is ook nog 'n Bybelstudent en wil graag op hoogte van my vak bly. Maar hóé, en wannéér?"

So kla 'n dominee een vroeë Maandagoggend op sy blog. Miskien oordryf hy ... maar met wie praat hy? Waar kry hy hulp? Wie beskryf situasies vir hom en help hom sy tyd, sy konteks en sy gemeente verstaan? Wie help hom met die praktiese bestuur van die kerklike bedryf, sy persoonsontwikkeling en kennisname van nuwe ontwikkelings in die teologie?

Bybel-Media, as toerustingsarm van die Kerk, wil graag hiermee help. Daarom gee ons graag *Kruisgewys*, 'n tydskrif vir predikante, gratis aan alle dominees. Afgesien van hierdie uitgawe, word nog vyf uitgawes tot Maart 2008 beplan. Met Chris van Wyk van die Gemeentedienste-Netwerk (GDN) as bekwame artikelredakteur, met u insigte en briewe, artikels en opsommings, boekresensies en algemene bydraes, wil ons met *Kruisgewys* 'n netwerk vorm waardeur predikante beroepsondersteuning ontvang, maar terselfdertyd energie kry en in hulle geloof groei.

*Kruisgewys* wil kennis, vaardighede en geloofsgroei stimuleer, en die bloumaandag-dominee se dag vir hom vroliker inkleur om sáám met al die ander wie se bekers van vreugde oorloop, die voorreg van predikantwees te vier.

**Pieter Fourie, Johann Symington**